

Hoofstuk van die dag: Nehemia 11

Die volk het egter al die manne geprys wat aangebied het om in Jerusalem te woon. (vers 2)

’n Stad sonder mense was nie veel werd nie. Daar was inwoners nodig om die stad te beveilig en te verdedig teen aanvallers. Die leiers het wel in die stad gewoon, maar die ander het

verkies om elders te woon (vers 1). Daarom reël Nehemia dat ’n tiende van die mense geloot moet word om Jerusalem te bevolk. Tog was daar vrywilligers, tot groot verligting van die ander. ’n Mens kan maar net wonder hoekom hulle bereid was om in ’n “dooie” stad te gaan woon. Dalk het hulle, soos die geloofshelde waarvan die Hebreërskrywer ons in Heb 11 vertel, ’n geloofsoog gehad vir wat God kan doen, noudat Jerusalem se mure herstel is.

Ons leef ook in die spanning van die heerlikheid wat God beloof, en die frustrasie van ons huidige situasie, waar dié beloftes soms onbereikbaar lyk. Dan moet ons op God se beloftes fokus in die geloof dat daar ’n dag sal kom wanneer dit waarop ons hoop, waar sal word. Heb 11:16 sê: “Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle ’n stad gereed gemaak.”

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026